



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

OKTOBER 2014 Nr 54

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Veerkrachtigheid in die bediening

Bedieningsvaardigheid, bedieningsvreugde en bedieningsfiksheid is terme wat al hoe meer gebruik word, veral wanneer ons na die bediening en bedienaars van die Woord verwys. Maar die bediening is nie altyd so vol vreugde en pret nie. Nie almal is ewe *fiks* nie. Veerkrachtigheid in die bediening ontbreek grootliks.

Ons vermoë om met 'n positiewe gesindheid op 'n negatiewe ervaring te reageer, word juis in die bediening tot die uiterste beproef. Meestal is die reaksies destruktief. Die voorbeelde van destruktiewe reaksies en die noodwendige gevolge, is ongelukkig ook algemeen in die wêreld van die predikant. Veerkrachtigheid word gedefinieer as 'n individu se vermoë om 'n negatiewe ervaring op so manier te hanteer, dat daar teruggekeer word na die oorspronklike toestand vóór die situasie ondervind is. Die basiese aanname is dat veerkrachtigheid teenwoordig is, waar ten aansien van moeilike of uitdagende omstandighede, 'n individu daarin geslaag het om dit goed te hanteer.

In die wêreld van die sielkunde, word veerkrachtigheid beskryf as die vermoë van 'n persoon, 'n groep, of 'n gemeenskap om die negatiewe impak van 'n situasie te kan hanteer, te voorkom, te verminder en selfs uit te skakel. Met ander woorde, 'n individu se vermoë om standvastig te bly en steeds aanpasbaar in moeilike omstandighede te wees. Veerkrachtige individue, sal nooit by die probleem vashaak nie, maar sal konstruktief na 'n oplossing van die probleem soek. Individue wat oor veerkrachtige vermoëns beskik, sal nie emosioneel in die hantering van probleme wees nie.

Veerkrachtigheid is dáárom vir die bediening en bedienaars van die Woord 'n onontbeerlike eienskap. Dit is die uitdaging om probleme nugter te hanteer, sonder emosies wat help om van die vele molshope, nie berge te maak nie. Skrywers beweer selfs dat veerkrachtigheid die *sleutel* tot 'n suksesvolle lewe is.

Veerkrachtige bedienaars van die Woord, wat letterlik in en ná moeilike situasies, na hulle beste self "terugbons", is in die kerk onontbeerlik.

Is jý een van hulle...?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

1 NOVEMBER 2014

Die Wêreld van Tieners, Verhoudings en Trauma

Plek: Langenhovenpark Gemeente

(Kontak die gemeente vir registrasie, tel 051 446 2225)

Die inhoud bestaan uit twee komponente.

- (1) Hoe identifiseer en hanteer 'n mens tiener-trauma?
- (2) Tieners en Verhoudings

Ouers, onderwysers, jeugwerkers, kategete en leraars is welkom om dié geleentheid by te woon.

Aanbieders: Dr Jeanine vd Berg, prof Jan-Albert vd Berg, ds Hennie Pistorius, Neels Redelinghuys en ds Nico vd Walt

Tyd: 9:00 – 12:00; **VBO-Punte:** 3

2 – 3 FEBRUARIE 2015:

Teologiese dag en gesprek met Fakulteit

Tema: *Die predikant in die wêreld en die wêreld van die predikant...*

Plek: UV-Kampus; **VBO-punte:** 20

Registrasie: SMS D54675 en u naam na 31029

9 – 11 FEBRUARIE 2015:

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing:

Groep 2, Module 1

Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan

Aanbieders: Rian Venter & Gerhard Botha

Plek: Parys; **VBO-punte:** 20

20 – 22 APRIL 2015

Groep 2, Module 2

Gemeentes? – Waar is ons? Waar sou ons kon wees?

Aanbieders: Kobus Schoeman en Gerhard Botha

Plek: Parys; **VBO-punte:** 20

19 – 21 OKTOBER 2015

Groep 2, Module 3

God? Dit gaan oor God! – Maar nie sommer enige God nie...

Aanbieder: Rian Venter; **Plek:** Parys; **VBO-Punte:** 20

Inskrywings nou oop vir die 2de groep om deel van hierdie opwindende kursus te wees.

LW: Hierdie modules word in **Parys, VS** aangebied.

Voorlopige registrasie: SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.